Tranvelea 10 Junie 1976

# Geskiedkundige besoek



MNR. ALEC SMITH, seun van die Rhodesiese premier, en eerw. A. T. Kanodereke, uitvoerende amptenaar van die Muzorewa-faksie van die ANC, wat pas 'n besoek aan Suid-Afrika gebring het.

# Hulle bou 'n beter toekoms vir Rhodesië

Verslaggewer

DIE seun van die Rhodesiese premier en 'n uitvoerende amptenaar van die Muzorewa-faksie van die ANC het pas 'n geskiedkundige en sonderlinge besoek aan Suid-Afrika gebring.

Sowel mnr. Alec Smith, seun van premier Ian Smith, as eerw. A. T. Kanodereke, van die Metodistekerk en uitvoerende amptenaar van die ANC, werk saam met Morele Herbewapening in Rhodesië, 'n internasionale Christelike beweging wat ook in Suid-Afrika verteenwoordig is.

Mnr. Smith en eerw. Kanodereke het Suid-Afrika op uitnodiging van die Morele Herbewapening in Suid-Afrika besoek en het gedurende hul besoek van drie weke samesprekings met studente, politici en sakelui gehad.

Mnr. Smith, wat heeltyds in diens van Morele Herbewapening staan, en eerw. Kanodereke het verskeie plekke in die Republiek besoek en veral gepraat van die verandering wat Morele Herbewapening in hul lewens gebring het.